**ʼn Vlag aan die tong. Gedenkbundel van die derde Swart Afrikaanse Skrywerssimposium.**

Hein Willemse en Steward van Wyk (reds.). 2015. Wildernis: abrile doman; Muckleneuk (Pretoria): Hond BK. 312 pp.
ISBN: 978-0-620-6702-4.
ISBN e-boek: 978-0-620-67503-1.
DOI: http://dx.doi.org/10.17159/tvl.v53i2.19

Die eerste Swart Afrikaanse Skrywersimposium in April 1985 by die Universiteit van Wes-Kaapland het gegroei uit die behoefte van swart Afrikaanse skrywers en literatore om hulle te verset teen ʼn politieke en literêre tradisie wat hulle gemarginaliseer het. Hein Willemse, een van die stigterslede van hierdie simposium, skryf dat swart Afrikaanssprekendheid ʼn begrip was wat moes dien as "kodewoord vir ons opposisionaliteit en politieke stryd". Hierdie tradisie is voortgesit in opvolgsimposia wat met tussenposes van tien jaar plaasgevind het: in 1995 op Paternoster, in 2005 en in 2015 by die Universiteit van die Wes-Kaapland.

Gegewe die historiese belangrikheid van hierdie geleenthede was dit van groot belang dat die referate, bydraes en besprekings by elk van dié geleenthede saamgevat moes word in kongresbundels. Die eerste met die gestroopte titel, *Swart Afrikaanse Skrywers,* is saamgestel deur Julian Smith, Alwyn van Gensen en Hein Willemse. Die tweede was *Die reis na Paternoster* onder redaksie van Hein Willemse, Marion Hattingh, Steward van Wyk en Pieter Conradie, terwyl die derde simposium saamgevat is in *ʼn Vlag aan die tong,* geredigeer deur Hein Willemse en Steward van Wyk en bekend gestel by geleentheid van die vierde simposium in 2015. Hierdie bundels is nie net vir die boekstawing van die Afrikaanse letterkunde van belang nie, maar ook vir die groter literêr-historiese en sosiopolitieke geskiedenis van Suid-Afrika.

Die titel van die bundel kom uit Vincent Oliphant se gedig, "27 April 1994" (*Die sagte vlees,* 1998) en meer spesifiek die strofe: "sodat my nuutgebore stem na woorde smag / om ʼn lied vir my land / soos ʼn vlag aan die tong te laat sweef / bo die geruislose val van skanse van die vel". Wat dus opgeroep word deur die titel *ʼn Vlag aan die tong* is die versugting dat die hindernisse opgewerp deur rassisme ("skanse van die vel") uitgewis sal word. Hierdie wens word in meer as een van die bydraes in die bundel uitgespreek: dit is byvoorbeeld onderliggend aan Gerwel se openingswoord waarin hy klem lê op die belangrike rol wat die swart Afrikaanse skrywersimposium en swart Afrikaanssprekendes te speel het in die vestiging van ʼn nierassige samelewing en diskoers.

Die bydraes tot die gedenkbundel word in vier eiesoortige afdelings ingedeel. "Aanlope" bevat Willemse se "woord vooraf" wat in 2015 geskryf is, Steward van Wyk se verwelkomingswoord en Jakes Gerwel se openingstoespraak by die simposium in 2005. Hierdie drie bydraes skep ʼn toegangsroete tot die bundel vir lesers wat nie die konteks ken waarbinne die simposium tot stand gekom en plaasgevind het nie.

Die tweede afdeling, getitel "Kritiek

en analise", bevat die neerslag van 'n elftal akademiese referate wat by die simposium gelewer is en as 'n geheel 'n waardevolle saamgestelde blik op die posisie van swart Afrikaanse skrywers bied. Willemse gee 'n deeglike, maar ook onderhoudende verduideliking van die omstandighede waaruit die eerste simposium gebore is, die rede waarom daar besluit is op die term swart Afrikaanse skrywer en die plasing van die beweging met betrekking tot 'n internasionale diskoers. "Met die begrip 'swart' in 1985 was dit die oorheersdes—ons—wat *self*-benoem, *self*-identifiseer en betekenisvol *eie inhoud,* daaraan toegevoeg het", skryf hy. Hy verwys na die ongemak en wroeging oor die term swart Afrikaanse skrywer, maar verduidelik dat sy gebruik van die begrip "strategies en analities, eerder as onveranderbaar of wesenlik" was. Hieruit blyk dit dat hy—saam met Gerwel en ander bydraers tot die bundel—hoop dat die ideaal van nierassigheid ook in die Afrikaanse literêre sisteem verwesenlik sal word, al is dit duidelik dat daardie ideaal ten tyde van die derde en selfs ook die vierde simposium nog nie bereik is nie. Hierdie bydrae sit die geskiedenis en uitgangspunte van die swart Afrikaanse skrywersbeweging op 'n helder wyse uiteen en behoort verpligte leesstof vir alle studente van die Afrikaanse letterkunde te wees.

Hierop volg dan die akademiese referate wat op die kongres gelewer is. Ampie Coetzee het reeds in 2002 'n belangrike artikel gepubliseer waarin hy die begrip swart Afrikaanse skrywer lees as 'n diskursiewe formasie in die Foucauldiaanse sin van die woord en swart Afrikaanse skryfwerk—met verwysing na die werk van Kafka en Deleuze & Guattari – teken as 'n "klein letterkunde" wat sig verset teen die groter Afrikaanse letterkunde. Coetzee se bydrae tot die kongres brei uit hierop en identifiseer weer eens die belangrikste eienskappe van hierdie diskursiewe formasie en die funksionering daarvan as "klein letterkunde".

Die beeld van swart Afrikaanse skrywers se posisie binne die groter Afrikaanse literêre sisteem word verder geanaliseer in die bydrae van Rudi Venter wat met groot noukeurigheid die posisie van swart Afrikaanse skrywers binne die Suid-Afrikaanse uitgewersbedryf in die periode vanaf 1990–2005 ondersoek. Dit kan gelees word saam met Neil Cochrane se oorsig oor die posisie van die swart Afrikaanse vroueskrywer in die tydperk 1995-2007. Hiernaas sit Wium van Zyl Julian Smith en andere se navorsing oor oor swart Afrikaanse gemeenskapsteater voort met 'n insiggewende bydrae wat put uit navorsing in die gemeenskappe self. Luc Renders se bydrae gee ook 'n oorsig in dié opsig dat hy verwys na die sterk rol wat christelike inspirasie speel in die prosawerke van swart Afrikaanse skrywers terwyl Anna Oppel ingaan op die tekstualisering van die swart vrou as subjek.

Naas hierdie bydraes wat oorsigtelike perspektiewe op swart Afrikaanse skryfwerk bied, is daar ook bydraes wat fokus op spesifieke skrywers. Wat hier opval, is telkens die deeglike navorsing en die nuwe insigte in die werk van bekende skrywers. Steward van Wyk,

van wie elke nuwe publikasie bydra tot die steeds vollediger beeld van swart Afrikaanse skrywers, se artikel oor die tydskrifverhale van S.V. Petersen word voorafgegaan deur ʼn besonder verhelderende uiteensetting van die sosiopolitieke konteks waarbinne Petersen se verhale verskyn het—dit is eweneens broodnodige leesstof vir diegene wat digters soos Petersen, Philander en die vroeë Small wil verstaan. Frank Hendricks ondersoek die taalgebruik in Elias P. Nel se prosawerk vanuit die perspektief van die variasietaalkunde, Dorothea van Zyl skryf oor die omkeer van marginalisering in E. K. M. Dido se romans en Marius Crous oor die voorstellings van manlikheid in Dido se werk.

Die derde deel van die bundel bestaan uit ʼn verslag van die verskillende paneelbesprekings wat tydens die simposium plaasgevind het. Dit is hier waar die "vlag aan die tong" behoorlik begin wapper. Die samestellers van die bundel moet krediet kry vir die feit dat hulle nie net die geskrewe stukke van elke paneelbespreking se inleiers plaas nie, maar ook die gesprekke daarna getranskribeer het van klankopnames af. Hier kry ʼn mens bevestiging vir Willemse stelling in die voorwoord dat dit ʼn fout is om te dink dat diegene wat met die swart Afrikaanse skrywersimposium sedert 1985 verbind is "eendersdenkend is of was". Hier sien ʼn mens hoe die verskille ontplooi, waar daar ooreenstemming is en hoe die standpunte mekaar skaaf.

Hiervan is die besprekings rondom "Swart/Afrikaans/Skryf: die tweede dekade van demokrasie" en "Afrikaans: ʼn tuiste vir almal?" goeie voorbeelde. Hier kaats die argumente van Diana Ferrus, Peter Snyders, Christa van Louw, Anastasia de Vries, Kirby van der Merwe en Mvula Yoyo energiek teen en van mekaar af. Dit is opvallend dat die "taaldebat" by die Stellenbosch Universiteit wat in 2005 in die kalklig was (soos weer in 2015 en 2016), herhaaldelik opklink in die besprekings en dat daar uiteenlopende menings uitgespreek word. Die oorspronge van Afrikaans, die vraag of Kaaps ʼn variëteit of ʼn onafhanklike taal is, die geskiedenis van Afrikaans se appropriasie deur die Afrikanernasionalisme en die taal se rol binne ʼn demokratiese en nierassige bedeling kom by herhaling ter sprake.

Dieselfde geld die sessie oor "(Swart) Afrikaanse kulturele produksie" waarin die kwessie van ontwikkeling en argivering ter sprake kom. As bibliotekaris gooi Robert Pearce die net wyd in ʼn passievolle toespraak waarin hy die saak stel vir die valorisering en argivering van die talle vorme van kulturele produksie in swart Afrikaanssprekende gemeenskappe. Leana Lategan stel die saak van NALN (Nasionale Afrikaanse Letterkundige Nalatenskap) en Christo van der Rheede dié van die SBA (Stigting vir Bemagting deur Afrikaans).

Daar kom veral ʼn energie los in die besprekings oor die knelpunte, uitdagings en geleenthede vir swart Afrikaanse skrywers. Aan skrywerskant is daar kommer oor die toeganklikheid van uitgewers vir swart Afrikaanse skrywers (Willem Fransman) en aan uitgewerskant oor die gebrek aan ʼn nuwe generasie

swart Afrikaanse skrywers (Nèlléke de Jager). Gelukkig het die dekade ná 2005 die toetrede van sterk nuwe skrywers soos Ronelda Kamfer, Nathan Trantraal en Bettina Wyngaard gebring, amper asof in antwoord op De Jager se vrae in dié verband. Anthony Wilson en Florence Filton gee 'n indruk van hoe swart Afrikaanssprekendes bemagtig kan word deur die teater en die gebruik van streektaal.

Dieselfde energie is voelbaar in die sessie oor die mediarepresentasie van bruin mense in Gauteng waarin Virginia Keppler, viola c. milton en Heindrich Wyngaard hulle eie en soms teenstrydige perspektiewe gee op die begrip "swart Afrikaanssprekende" in debatte wat veral identiteitskwessies aanspreek. Verfrissend en wars is ook die stemme van Jason Lloyd, George Hill, Jerome Topley en Denver Vraagom in die bespreking oor "Jonk, Swart? En Afrikaans; hoelykkit?".

Die laaste afdeling bestaan uit "voorskoue, nabetragtings en bylaes". As "voorskoue" is daar 'n onderhoud met Steward van Wyk en berigte deur Valda Jansen en Clinton V. du Plessis oor die simposium wat voorlê. En as "nabetragtings" twee lewendige stukke deur Zandra Bezuidenhout en Boesman Buitekamer wat die bydrae van die beraad opsom. Hiervan is veral Boesman Buitekamer in die kol met sy opsomming van die hooftemas by die beraad en sy provokatiewe taksering van die sprekers se bydraes.

*'n Vlag aan die tong* is 'n demonstrasie van die verskeidenheid stemme wat onder die noemer "swart Afrikaanse skrywer" opklink, ook van dié wat hulle nie noodwendig met die term vereenselwig nie. As artikulering en boekstawing van die historiese oorspronge, intellektuele inhoude, artistieke vormgewing, politieke uitgangspunte en kulturele impak van swart Afrikaanse skryfwerk behoort dit—soos ek reeds vroeër in hierdie resensie gesê het – verpligte leesstof vir studente van die Afrikaanse letterkunde te wees.

*Louise Viljoen*
lv@sun.ac.za
Universiteit Stellenbosch
Stellenbosch